

## **LANDBOUWEEKBLAD VRA ...**

MNR. RICHARD MORGAN Watter besluit het die grootste invloed op jou boerdery gehad?

Die stigting van die vennootskap Meyer-Morgan-boerdery. Dit het 'n nuwe dinamika in die boerdery gebring. Ek kyk nou ook meer holisties na dinge rondom my.

En wat was die ergste ding wat met julle gebeur het?

Die meer as 500 lammers en skape wat ons verlede jaar in 'n erge sneeustorm verloor het.

Hoe voel jy oor die toekoms van die landbou in die land?

Ek kwel my nie te veel nie. Ons het voortreflike leiers in die georganiseerde landbou (hyself is ondervoorsitter van die Adelaide-landbouvereniging). Eenheid op grondvlak is egter noodsaaklik. Dit is belangrik dat almal wat boer, ongeag kleur, deel van 'n landbouvereniging word. In die Oos-Kaap is daar reeds gunstige ontwikkelinge in hierdie verband. Ek glo ons moet deel van die oplossing wees.